

2 Januarie

**Skrifgedeelte: Levitikus 2 en 3 (OAV)
Fokusgedeelte: Levitikus 3:16b**

Die beste vir die Here!

“Wat ons is, is slegs genade, wat ons het is slegs geleen”. Dit is die kern van ‘n lied van ‘n bekende volksdigter. Só moet ons ook kyk na die twee soorte offers wat in ons Skrifgedeeltes behandel word.

Eerstens die spysoffer. Dit was ‘n bewys dat die mindere weet wie sy meerdere is. Jy weet by Wie jou heil lê. Ook in die jaar wat voorlê is ons in alles afhanklik van die Here. Ons ontvang alles van Hom vir tyd en ewigheid – ook die brood van die ewige lewe. Christus sê: “Ek is die brood van die lewe” (Joh 6:33-35). Die spysoffer moes, as beeld van Christus se volmaaktheid, geen suurdeeg en geen heuning wat bederf en gisting kon veroorsaak, bevat nie. Wie só in nederigheid alles van die Here ontvang, kan nie anders as om homself “as ‘n lewende dankoffer aan Hom toe te wy” nie.

Daarom volg, ná die beskrywing van die spysoffer in Lev 2 die reëls vir die dankoffer onmiddellik daarna. Hier moet die offeraar sy hand op die kop van die offerdier lê om daarmee te sê: “Ek wy my aan U toe in diepe dankbaarheid!”

Daardie dankbaarheid vra die allerbeste van God se kinders. Vir die Oosterlinge was die vet van ‘n geslagte dier die begeerlikste deel daarvan. Die beste behoort aan die Here! Saam met die bloed, wat as teken van God se vredesverbond rondom die altaar gesprinkel moes word, was dit uitsluitlik die Here se deel.

Kom, ons maak ook hierdie nuwe jaar ‘n dankofferjaar vir die Here!

Sing: Psalm 4:1,3

Ds LH Stavast (Emeritus)